higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

NKR VLAK 3

(Tweede vraestel)

8 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN

1. Assesseer die skryfstukke volgens die aangeduide inhoud en formaat.

2. Inhoud word met (✓) aangedui en word volgens die gegewe situasie nagesien.

3. Formaat word met (X) aangedui en word tot op die aangeduide maksimum negatief nagesien.

4. Gebruik die rubriek by elke vraag vir die beoordeling van taal en styl.

5. Indien 'n skryfstuk uit die vraestel saamgeflans of dele van opdragte direk uit die vraestel oorgeskryf word, sal die skryfstuk nie logies wees nie en kan geen punte toegeken word nie. U kommentaar sal wees: Nie eie werk nie.

6. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf die woord, '*lengte*,' ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord '*lengte'* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bo-aan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

NEERSKRYF VAN PUNTE

VOORBEELD

I	**= INHOUD:**	**punt uit 8:**	**I**	**= 8**
F	**= FORMAAT:**	**punt uit 5:**	**F**	**= 3**
T/S	**=TAAL EN STYL:**	**punt uit 7:**	**T/S**	**= 4**
				15/20

OF

I	F	T/S	Tot.
8	**5**	**7**	**20**
8	3	4	15

ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

VOORBEELD

ONGELUKSVERSLAG				
Naam van beseerde persoon	Patricia Mathys **X**	**Datum van ongeluk**	25 Februarie 2024 **X**	(2)
Hoedanigheid	Tesourier **X**	**Tyd van ongeluk**	Enige toepaslike tyd **X**	(2)
Afdeling/Departement	Enige toepaslike afdeling bv. sakestudie **X**	**Plek van ongeluk**	Vorentoe Biblioteek **X**	(2)
Beskrywing van ongeluk	Die komitee het die Biblioteek vir die boekedag begin voorberei✓✓ en 'n banier moes teen die kosyn vasgespyker word.✓✓ Patricia Mathys het aangebied om die banier op te sit en het op die leer geklim.✓✓ Die leer se linkerpoot het afgebreek en sy het hard geval✓✓ en het vreeslik gehuil.✓✓ Sy kon nie haar linkerarm beweeg nie✓✓ en daar was 'n bloeiende sny oor haar oogbank.✓✓ EK het vermoed haar linkerarm is gebreek.✓✓ Bloed het oor haar gesig geloop.✓✓ Daniel Hendriks het haar kalmeer ✓✓ en met 'n sakdoek drukking op die sny toegepas.✓✓ Ek het die ambulans gebel wat binne 7 minute op die toneel was✓✓ en het mej. Basson geskakel en oor die ongeluk ingelig.✓✓			(26)
Uitslag van die mediese ondersoek	EK het haar in die ambulans na ongevalle by die hospitaal vergesel.✓ Die suster het haar 'n inspuiting gegee.✓ Die dokter het die wond bokant haar oog met vyf steke geheg.✓ X-straalfoto's✓ het gewys dat haar linkerarm gebreek is.✓ Die dokter het haar arm gespalk✓ en pynpille gegee.✓			(7)
Naam van opsteller	Eie naam en van **X**	**Pos/rang/amp van opsteller**	Sekretaris **X**	(2)
Handtekening van opsteller	Handtekening **X**	**Datum**	Datum binne 2 dae na ongeluk **X**	(2)

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD
- 2 punte per inhoudsfeit word toegeken vir inligting verskaf soos met (✓) aangedui maar slegs 1 punt by "Uitslag van die mediese ondersoek".
- ✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
- ✓ 150 tot 250 woorde.

FORMAAT
- × Met (X) aangedui.
- × Penaliseer vir elke fout – 1 tot 'n maksimum van 10 punte.
- × Geen Engels word aanvaar nie, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square.

TAAL EN STYL
- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 33**
F	**= Formaat (X)**	**punt uit 10**
T/S	**= Taal en styl**	**punt uit 7**
		50

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
33	**10**	**7**	**50**
16	8	4	28

I	**= 16**
F	**= 8**
T/S	**= 4**
Tot.	**28/50**

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70 – 79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60 – 69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50 – 59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte van sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40 – 49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	2 Swak (30 – 39%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0 – 1 Baie swak (0 – 29%)	INHOUD wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

[50]

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

VOORBEELD

X (Hoofletters) VORDERINGSVERSLAG OOR VORENTOE KOLLEGE SE BOEKEDAG VAN 2 MAART 2024✓✓ (ENIGE TOEPASLIKE OPSKRIF)

X AGTERGROND

Ek kan u meedeel dat die reëlings en beplanning✓ van die boekedag✓ wat op 2 Maart 2024 ✓ in die Vorentoe Biblioteek✓ gaan plaasvind, baie goed verloop.✓

X DOEL

Die doel van die verslag is om aan te dui watter take reeds voltooi is,✓ waarmee die komitee tans besig is✓ en watter take nog afgehandel moet word.✓

X TAKE WAT REEDS VOLTOOI IS (ENIGE TWEE TOEPASLIKE TAKE)

Die biblioteek is reeds skoongemaak deur die algemene werkers.✓✓

Die boeke vir die tweedehandse-boekverkoping is reeds ontvang.✓✓

X TAKE WAARMEE TANS BESIG IS (ENIGE DRIE TOEPASLIKE TAKE)

Die uitnodigingsbrief aan Deon Meyer word deur mej. Basson geskryf.✓✓

Mnr. Beukes wag tans tenders vir die kosstalletjies in.✓✓

Die baniere word tans deur die komitee opgesit.✓✓

X TAKE WAARAAN NOG AANDAG GESKENK MOET WORD (ENIGE DRIE TOEPASLIKE TAKE)

Die kosstalletjies moet nog deur die vlak 3-ingenieurs gebou word.✓✓

Die kos moet nog deur die kombuispersoneel aangekoop word.✓✓

Die akkommodasie vir Deon Meyer moet nog bespreek word. Mej. Basson sal dit doen.✓✓

X GEVOLGTREKKING

Evaluering van die situasie: Uit die verslag blyk dit dat alles tot op datum glad verloop en dat daar geen probleme met die reëlings vir die boekedag is nie.✓✓ Indien u van enige probleme bewus is, sal dit gaaf wees indien u die komitee kan inlig.✓✓

X HANDTEKENING VAN STUDENT

Kopiereg voorbehou

INHOUD:

- 2 punte OF 1 punt per inhoudsfeit word vir inligting wat met (✓) aangedui is, toegeken.
- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
- 150 tot 250 woorde.

FORMAAT:

- × Met (X) aangedui.
- × Merk negatief tot op 'n maksimum van 8.
- × Dui foute met X op antwoordstel aan.

TAAL EN STYL:

- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

ASSESSERINGSKAAL

	Uitnemend 80% +	Meriete 70 – 79%	Substansieel 60 – 69%	Bevredigend 50 – 59%	Gemiddeld 40 – 49%	Elementêr 30 – 39%	Nie bereik nie 0 – 29%
Taal en styl (12)	**10 – 12** Toon KRITIESE TAALBEWUST-HEID. Effektiewe gebruik van TAAL EN PUNKTUASIE. Figuurlike taal effektief gebruik. WOORD-KEUSE hoogs toepaslik/ uitmuntend. STYL, TOON EN REGISTER is hoogs gepas. Verslag feitlik foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**8½ - 9½** Toon KRITIESE TAALBE-WUSTHEID. Korrekte gebruik van TAAL EN PUNKTU-ASIE. Kan figuurlike taal in korrekte konteks gebruik. Variasie in WOORD-KEUSE en woorde word korrek gebruik. STYL, TOON EN REGISTER is toepaslik vir die onderwerp. Verslag meestal foutloos na PROEFLEES EN REDIGE-RING.	**7½ - 8** Daar is bewyse van KRITIESE TAALBEWUST-HEID. TAAL EN PUNKTUASIE meestal korrek. WOORD-KEUSE is gepas. STYL, TOON EN REGISTER is meestal toepaslik. Verslag oor die algemeen foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**6 – 7** 'n Aanduiding van KRITIESE TAALBEWUST-HEID. TAAL baie eenvoudig en PUNKTUASIE voldoende. WOORDKEUSE voldoende. STYL, TOON EN REGISTER oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. Verslag het steeds foute na PROEFLEES EN REDIGERING.	**5 – 5½** Beperkte KRITIESE TAALBEWUST-HEID. TAAL gewoon en PUNKTUASIE dikwels foutief. WOORDKEUSE basies. STYL, TOON EN REGISTER toon gebrek aan samehang. Verslag het steeds baie foute na PROEFLEES EN REDIGERING.	**4** Geen KRITIESE TAALBEWUST-HEID. Gebrekkige TAAL EN PUNKTUASIE. WOORDKEUSE beperk. STYL, TOON EN REGISTER gebrekkig. Verslag is besaai met foute t.s.v. PROEFLEES EN REDIGERING.	**0 – 3½** Geen KRITIESE TAALBE-WUSTHEID. Ernstige gebrek aan TAAL EN PUNKTUASIE. WOORD-KEUSE ontoepaslik. STYL, TOON EN REGISTER baie gebrekkig. Verslag is besaai met foute en verwarrend t.s.v. PROEFLEES EN REDIGERING.

Kopiereg voorbehou

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= 20**
F	**= 4**
T/S	**= 7**
Tot.	**31/50**

I	**= Inhoud**	**punt uit 30**
F	**= Formaat**	**punt uit 8**
T/S	**= Taal en styl**	**punt uit 12**
		50

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
30	**8**	**12**	**50**
20	4	7	31

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (120–150 woorde)

VRAAG 3: KENNISGEWING EN AGENDA

VOORBEELD

KENNISGEWING VAN BOEKEDAG BEPLANNINGSVERGADERING✓

Neem kennis van 'n Boekedag Beplanningsvergadering✓ wat op Maandag✓ 12 Februarie 2024✓ om 13:00✓in die Vorentoe Biblioteek sal plaasvind.✓

Die Uwe

STUDENT SE NAAM✓
SEKRETARIS✓

AGENDA✓

1. Bywoningsregister
2. Verskonings
3. Opening en verwelkoming
4. Notule van die vorige vergadering✓
5. Sake uit die notule✓
   5.1 Advertensie vir tweedehandse boeke✓
   5.2 Uitnodigingsbrief aan Deon Meyer✓
6. Nuwe sake✓
   6.1 Tenders vir kosstalletjies✓
   6.2 Brief aan uitgewers vir boekuitstalling✓
   6.3 Skoonmaak van terrein✓
7. Algemeen✓
8. Datum van volgende vergadering✓
9. Afsluiting✓

[20]

EN

VRAAG 4: NOTULE

5. Sake uit notule ✓

5.1 Advertensie vir tweedehandse boeke. ✓
Dit is reeds in die plaaslike koerant geplaas.✓

5.2 Uitnodigingsbrief aan Deon Meyer.✓
Mej. Basson is tans besig om hierdie brief te skryf en sal dit versend.✓

6. Nuwe sake✓

6.1 Tenders vir kosstalletjies.✓
Die tenders sluit op 14 Februarie en sal dan afgehandel word.

6.2 Brief aan uitgewers.✓
Mej. Basson sal 'n brief aan die uitgewers stuur om hul te versoek om 'n boekuitstalling in die biblioteek aan te bied.✓

6.3 Skoonmaak van terrein.✓
Die algemene personeel moet almal op 1 Maart inval om terrein skoon te maak.

OF ENIGE TOEPASLIKE BESKRYWINGS VAN ITEMS SOOS UIT 'N BESPREKING TYDENS 'N VERGADERING

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

X Aan: Mej. Basson ½ X Van: Deon Meyer ½
X Firma: Nasionale Drukkers ½ X Tel.: 064 123 4567 ½
X Datum: Enige toepaslike datum voor 2 Maart ½ X Tyd: Enige toepaslike tyd ½
X **Boodskap:** GASSPREKER BY BOEKEDAG ½ (OF SOORTGELYK)
Dit sal vir hom 'n eer wees.✓
Hy land per vlieg op 1 Maart 2024 om 10:00.✓
Hy wil weet wie hom op lughawe gaan ontvang.✓
Hy benodig akkommodasie vir 2 dae.✓
Hy benodig en 'n voertuig.✓
Wil inligtingsessie met vlak-3 AEAT-studente hou om met hul oor die skryf van kortverhale te gesels.✓
Hy wil weet wat die onderwerp van sy praatjie moet wees,✓ hoe lank hy moet praat✓ en hoe laat die praatjie gaan plaasvind✓.
Hy wil ook weet wat die kleredrag is. ✓

X Geneem deur: STUDENT SE NAAM EN VAN ½

INHOUD
Punte word toegeken vir inligting verskaf. Die aangeduide inligting moet ingesluit wees.

FORMAAT
- Word met 'n X aangedui.
- Elke aspek verdien ½ punt tot 'n totaal van 8 × ½ = 4.

TAAL EN STYL
- Gepaste styl, toon en register.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 10**
F	**= Formaat**	**punt uit 8 x ½ = 4**
T/S	**= Taal en styl**	**punt uit 6**
		20

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
12	**2**	**6**	**20**
10	1	4	15

I	**= 10**
F	**= 1**
T/S	**= 4**
Tot.	**15/20**

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6** **Baie goed**	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Geen foute t.o.v. spelling nie Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	4 – 5 **Goed**	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Min foute met spelling Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas Uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	2 – 3 **Gemiddeld**	Taalgebruik is gemiddeld Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies Lomp woord-en sinskonstruksie kom dikwels voor Woordeskat is basies en woordbetekenis is nie altyd korrek nie Dwaal soms van onderwerp af Inhoud is vanselfsprekend; niks buitengewoons nie Slaag nog om inhoud verstaanbaar te kommunikeer ten spyte van foute Min gebruik van taalidioom; wel moedertaalinvloed
	1 **Swak**	Taalgebruik is swak Sukkel met basiese woord- en sinstrukture Taal lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar Baie foute ten opsigte van sinsbou en woordgebruik Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute Gebruik Engelse woorde Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie Kommunikasie moontlik verstaanbaar omdat leser inlees

[20]

OF

VRAAG 6: TYDSKRIFADVERTENSIE

VOORBEELD

OPWINDENDE BOEKEDAG!✓

ENIGE VISUELE PRENT/SIMBOOL/TEKEN/LOGO ✓

Wanneer: 2 Maart 2024 (½) **Waar: Vorentoe Biblioteek (½)**

TEMA: WENNERS LEES ✓

(ENIGE 2 aktiwiteite wat aangebied word✓✓)
(TWEE REDES VIR BYWONING) Elke besoeker ontvang 'n gratis notaboek en pen.✓✓

Boekedag begin om 10:00.✓
Vir verdere navrae kontak NAAM (½) by gepaste telefoon of selnommer (½)

INHOUD

Punte word toegeken vir inligting verskaf. Die volgende inligting moet ingesluit wees:
Visuele aspek bv. prentjie.✓
Opwindende opskrif✓
Tema van die dag✓
TWEE redes waarom die studente moet bywoon✓✓
Noem TWEE aktiwiteite wat aangebied gaan word✓✓
Venue van die boekedag en datum✓
Tyd wanneer dit begin✓
Kontakpersoon met kontakbesonderhede✓

FORMAAT

- Raampie
- Gepaste posisionering van teks: genoeg wit spasie
- Verskillende lettertipes
- A4-grootte
- Toepassing van ABBA-beginsel
- Sien negatief na met -1 per fout/weglating tot maksimum 4.

TAAL EN STYL

- Gepaste styl, toon en register.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 9**
F	**= Formaat**	**punt uit 4**
T/S	**= Taal en styl**	**punt uit 7**
		20

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
9	**4**	**7**	**20**
6	1	4	15

I	**= 6**
F	**= 1**
T/S	**= 4**
Tot.	**11/20**

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70 – 79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60 – 69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50 – 59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte van sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40 – 49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.

Kopiereg voorbehou

	2 **Swak** **(30 – 39%)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0 – 1 **Baie swak** **(0 – 29%)**	INHOUD wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou